# DIE POSISIE VAN GESKIEDENIS AS SKOOLVAK. TOESPRAAK VAN PROF. H. B. THOM, REKTOR VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH, TER GELEENTHEID VAN DIE OPENING VAN DIE GESKIEDENISKONFERENSIE TE STELLENBOSCH OP 10 APRIL 1964

Dit doen my besondere genoeë om die groot aantal onderwysers, universiteitsdosente en andere, wat ernstige belangstelling toon vir die posisie wat Geskiedenis as skoolvak vandag by ons inneem, van harte hier te verwelkom. Dit was 'n goeie gedagte van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* om hierdie konferensie te reël, en veral om aan hierdie tema aandag te wy.

Dit is seker ook baie gepas dat hierdie konferensie op Stellenbosch gehou word. Die Universiteit van Stellenbosch het immers 'n ou en lewendige tradisie van historiese onderrig en navorsing, en was inderdaad die eerste Universiteit in Suid-Afrika om 'n aparte Professoraat in Suid-Afrikaanse Geskiedenis in die lewe te roep.

Die tema van die Konferensie sal 'n mens vanselfsprekend al dadelik daartoe bring om jou eers na die doel van die Geskiedenis af te vra. Die tema van die Konferensie, *Die Posisie van Geskiedenis as Skoolvak,* sal immers in die lig — of teen die agtergrond — van die doel van die Geskiedenis as studievak gesien moet word.

'n Mens sou hier met die bekende skole van opvatting voor die dag kon kom. Die een sal sê dat die doel van die geskiedskrywing is om die feite of gebeure van die verlede suiwer en kronologies vas te stel, maar ons sal ook weet dat die voorstanders van hierdie opvatting teen versnipperende, dooie kroniekskrywery sal moet waak.

'n Ander sal sê dat die Geskiedenis die leermeesteres van die lewe is, en dat die doel van die geskiedskrywing is om ons lesse vir die lewe te gee. Dit mag tot 'n sekere mate waar wees, maar ons weet ook dat hierdie pragmatiese beskouing glad nie die volle waarheid — of suiwere waarheid — is nie. Hegel het reeds vroeg in die negentiende eeu tereg gewaarsku: „Ons leer van die Geskiedenis dat ons nie van die Geskiedenis leer nie!"

'n Derde kan kom sê dat die vernaamste doel van die geskiedskrywing is om die kousale verband tussen die groot gebeures van die verlede vir ons bloot te lê, en ons aldus tot 'n beter begrip van die hede te bring. Hierin lê daar groot waarheid opgeslote, want 'n studie van oorsaak en gevolg in die verlede, moet ons meer lig op toestande en verskynsels van die hede gee. Nietemin is dit duidelik dat die Geskiedenis, of meer bepaald die geskiedskrywing, in werklikheid heelwat meer omvat as bloot 'n studie van oorsaak en gevolg.

'n Vierde kan met die groot negentiende-eeuse Duitse geskiedskrywer Leopold von Ranke uitroep: Die geskiedskrywing het net één groot doel, nl. om te bepaal „wie alles gewesen ist!" Dis 'n lakonieke antwoord, maar 'n mens besef dadelik hoe ryk aan inhoud dit is, en watter eenvoudige, treffende pleidooi dit vir die suiwere beskrywing van die verlede inhou.

Maar nou meer in die besonder: *Die Plek van Geskiedenis as Skoolvak.* Ons tref in ons onderwyswêreld vandag by ons voorwaar 'n baie bedenklike toestand aan. Geskiedenis word wel tot by Standerd VIII geneem, maar daarna kan leerlinge st. IX en st. X desverkiesende sonder Geskiedenis deurloop. Hulle kan st. X slaag, en selfs universiteit toe gaan, sonder dat hulle Geskiedenis as aparte, volle vak geneem het.

Myns insiens behoort Geskiedenis vir hierdie leerlinge, of dan minstens vir diegene wat na die universiteit gaan, 'n verpligte vak te wees. Daar is vanselfsprekend verskeie belangrike vakke wat onderwysowerhede in die matrikulasieleerplanne ingesluit wil hê, maar ek meen stellig dat daar minstens *vier* vakke is wat as verpligte vakke vir toelating tot die universiteit gestel moet word, t.w. Afrikaans, Engels, Wiskunde en Geskiedenis.

Leerlinge wat deur die senior skooljare gaan, en Geskiedenis nie as volle vak neem nie, is daardeur geestelik armer vir die taak wat op hulle wag, veral as hulle na die universiteit gaan.

Ek verwys weer na wat oor die doel van die Geskiedenis gesê is, veral na die studie van die kousale verband en na die eenvoudige dog treffende beskouing van Ranke. Daaruit sal dit duidelik wees dat die hede, deels regstreeks en deels onregstreeks, 'n projeksie van die verlede is. Sonder 'n studie van die verlede kan niemand werklik 'n grondige kennis van die hede hê nie. Want niks ontstaan eensklaps en per toeval nie; alles wat gebeur het, het gevolg op wat vooraf gegaan het.

'n Beter begrip van die hede, wat dus deur 'n studie van die verlede moontlik gemaak word, gee 'n mens 'n suiwerder perspektief en groter doelbewustheid en koersvastheid sowel in jou persoonlike as nasionale en kulturele lewe. En waar het mense dit vandag méér nodig as juis in Suid-Afrika, en by uitstek ons blankes in Suid-Afrika? 'n Intelligente studie van ons verlede sal ons help om ons prebleme beter te verstaan, en sal ons ook in staat stel om ons verantwoordelikhede met insig en beslistheid te aanvaar, ons verantwoordelikhede nie net teenoor blanke Suid-Afrikaners nie, maar ook teenoor nie-blanke Suid-Afrikaners. As die studie van ons verlede in ons eie midde agteruitgaan, sal ons daardeur noodwendig geestelik armer en swakker word.

Dit is in hoë mate die taak van ons onderwysmanne om hierteen te waak. Mag hierdie Konferensie oor *Die Posisie van Geskiedenis as Skoolvak* sy bydrae daartoe lewer.